

HOOFSTUK VIER-EN-TWINTIG.

OOR TAALVERANDERING EN TAALVERSKYNSELS.

'n Taal verander. As ons Nederlands van die veertiende eeu vergelyk met die Ndl. van vandag, sal ons 'n geweldige groot verskil opmerk—'n verskil wat so groot is dat ons daardie ander vorm met 'n ander naam, Middelnederlands, aandui.

Wat vir Ndl. waar is, is waar vir alle tale: met verloop van tyd verander hulle. Somtyds is die veranderinge so groot dat 'n mens nie die taal somar dadelik sal herken nie. As 'n Engelsman vir die eerste keer Angelsaksies (Engels van ± die 11de eeu) sien, is dit 'n vraag of hy dit somar dadelik as sy taal sal herken—en daar is baie mense wat maar nie kan glo dat Nederlands kon verander het in Afrikaans nie.

WAAROM TALE VERANDER.

Waarom verander tale? Baie oorsake kan aangevoer word, die vernaamste waarvan is dat ons ons taal kry deur **nabootsing** van die taal van ons omgewing (ons ouers, ens.), en nabootsing is selde of ooit perfek. Verder lewe elke geslag feitlik onder nuwe omstandighede, en hierdie **veranderde lewensomstandighede** vereis heel dikwels nuwe woorde. Dan kan dit ook gebeur dat daar **vreemde invloede** (invloede van ander tale en kulture) op 'n taal se woordeskat en sinsbou inwerk en so veranderinge teweegbring. Die **afwesigheid van remmende invloede** soos skole, universiteite, kerke, tydskrifte, ens., is ook dikwels 'n oorsaak wat lei tot taalverandering.

Hoeveel die taal van een geslag verskil van dié van 'n volgende geslag hang daarvan af hoeveel van hierdie faktore in die spel was en tot watter graad. Soms gebeur dit dat 'n taal, veral onder sterk vreemde invloed, in één geslag byna onherkenbaar verander; dan weer is die verandering baie gering, en miskien beperk tot 'n klompie nuwe woorde (neologismes) wat ingekom het en betekenisveranderinge wat ou woorde ondergaan het. Hoe dit ook al sy, dat tale gedurig verandering ondergaan is 'n onomstootlike feit.

1. KLANKVERANDERING.

Die verandering wat woorde ondergaan kan alleen tot die uitspraak beperk wees. Die betekenis bly dieselfde, maar die klanke het verander. En hier moet ons onderskei tussen verskillende soorte klankveranderinge :—

- (1) **Klankverlies of elisie**, wanneer sekere klanke heeltemal wegval. Ons praat van :—
 - (a) **Voorafkapping** (prokopee) as 'n klank aan die begin van die woord wegval, soos in :—
bus (vir omnibus), **spens** (vir dispens).
 - (b) **Uitkapping** (sinkopee), as 'n klank in die middel van die woord wegval, soos in **apteek** (vir apoteek).
 - (c) **Agterafkapping** (apokopee) as 'n klank aan die end van die woord wegval, soos in **plig** (vir plicht), **drif** (vir drift).

- (2) **Klanktoevoeging**, wanneer een of meer klanke by 'n woord gevoeg word—die teenoorgestelde dus van klankverlies. Ons praat van :—
 - (a) **Voorvoeging** (protesis) as die klanke aan die begin van die woord gevoeg word, soos in : dit **traak** my nie (i.p.v. dit raak my nie).
 - (b) **Invoeging** (epentesis) as 'n klank in die middel van die woord ingevoeg word, soos in **geleentheid** (Ndl. gelegenheid), **daste** (vir dasse), **yster** (Ndl. ijzer).
 - (c) **Agtervoeging** (paragoge) as 'n klank aan die end van die woord gevoeg word, soos in **dubbeld** (i.p.v. dubbel), **iemand** (oorspronklik : ieman, jeman).

(3) **Assimilasie of gelykmaking.**

Dis die invloed van naburige klanke op mekaar. Ons vind dikwels dat twee na mekaar komende klanke wat van mekaar in uitspraak verskil, geassimileer word of nader aan mekaar gebring word wat betref hulle uitspraak. Dis veral die geval met **n**-klanke. So kry ons **onner** (i.p.v. onder), **in nie** tuin (i.p.v. in die tuin), ens. Ons kry verskillende soorte assimilasie :—

- (a) **nd** word **nn** : onner (i.p.v. onder).
- (b) **nb** word **mb** : so sê die meeste mense Stellen**mb**osch (i.p.v. Stellenbosch), ens.

2. BETEKENISVERANDERING.

Die betekenisveranderinge wat woorde met verloop van tyd ondergaan kan van verskillende aard en omvang wees. Die grootste oorsaak van betekenisverandering is geleë in die feit dat ons dikwels **dieselfde woorde as verskillende rededele** aantref, d.w.s. die werk of funksie wat die woord verrig is verskillend. Hoe maklik één rededeel in 'n ander kan oorgaan het ons al oor en oor gesien (sien Hoofstuk 2 en elders). Ons kry ww. wat as snw. fungeer (die **nagaan** van eksamenvraestelle), bnw. as snw. (daar is **siekies**), ens., ens.

Net soos by klankveranderinge, kan ons onderskei tussen verskillende soorte en grade betekenisveranderinge.

(1) **Figuurlike betekenis.**

Ons vind dikwels dat woorde nie in hulle **letterlike** of alledaagse betekenis gebruik word nie, maar in **figuurlike** betekenis, d.w.s. die alledaagse woorde het 'n nuwe en 'n ander betekenis. As ek sê : Jan se gesig is **skoon**, dan kry ons **skoon** in sy letterlike, alledaagse betekenis van : nie vuil nie ; maar as ek sê : 'n **skone** geleentheid, kry ek by **skoon** nie die betekenis van : nie vuil nie, maar 'n nuwe, ander betekenis : goeie. So kry ons baie woorde in letterlike sowel as figuurlike betekenis, vgl.

- { Die water is baie **diep**. (letterlik)
- { Hy het deur **diepe** waters gegaan. (figuurlik)
- { Die **son** het ondergegaan. (let.)
- { Sy lewens**son** is aan die sink. (fig.)
- { Jou **mou** is stukkend.
- { Die aap kom uit die **mou**.
- { Haal die stok uit die **vuur**.
- { Ek moes die kastaings uit die **vuur** krap.

Veral in spreekwoorde word woorde in 'n figuurlike betekenis gebruik.

(2) **Betekenis-beperking.**

Ons praat van betekenis-beperking wanneer ons dieselfde woord nie meer in so baie verskillende gevalle as voorheen kan gebruik nie : die woord se betekenis is beperk tot een geval of 'n paar gevalle. So is die betekenis van die Nederlandse woord **beest** (wat in Ndl. vir enige dier gebruik word) in Afrikaans beperk tot 'n sekere soort dier : ons **bees** is nie „dier” in die algemeen soos Ndl. **beest** nie, maar net „rundvee.”

Dieselfde verskynsel kry ons by **leraar**, wat in Ndl. beteken enigeen wat ander mense leer (onderwyser, predikant, ens.), maar die betekenis waarvan in Afrikaans beperk is tot één soort leermeester, n.l. predikant.

(3) **Betekenis-verruiming.**

Dis die teenoorgestelde van betekenis-beperking. Insteede van in minder gevalle gebruik te word (soos by beperking), vind ons dat dieselfde woord in meer gevalle as voorheen kan gebruik word: sy betekenis het verruim of uitgebrei. Dis die geval met **ou**, wat in Ndl. (oud) net beteken: nie jonk nie, bejaard; maar in Afrikaans ook nog in ander betekenis kan voorkom. Die Afrikaans **ou** kan **medelye** uitdruk, b.v. die arme ou seuntjie; ook **minagting**: dis 'n nietige ou bankklerkie.

(4) **Betekenis-oordrag.**

Hieronder verstaan ons dié verskynsel wat ons kry wanneer 'n woord nie meer in sy ou betekenis voorkom nie, maar gebruik word vir 'n voorwerp wat nou verwant is aan die oorspronklike voorwerp waarvoor die woord eers gebesig is: die woord se betekenis word op 'n ander voorwerp „oorgedra”. Die mooiste voorbeeld is miskien **dam**, wat in Ndl. beteken die wal om die water, maar in Afrikaans die water self.

(5) **Betekenis-differensiasie.**

Hieronder verstaan ons die gebruik van dieselfde woord met verskillende betekenis. Ons het b.v. in Hoofstuk 3, E, gesien hoe dieselfde woord twee meervoude met verskillende betekenis kan hê: saals, sale; manne, mans, ens.

Verder kry ons 'n hele aantal **homonieme** (sien onder) wat gelyk is in vorm en uitspraak maar heeltemal verskil in betekenis: **lig** (nie swaar nie), **lig** (nie donker nie), ens.

Ons kry ook **doeblette** (sien onder) soos **oogs** en **oes, tabak** en **twak**, ens., met verskillende betekenis of gebruike.

(6) **Homonieme.**

Homonieme is woorde met dieselfde uitspraak maar met verskil in betekenis, soos:—

lig (nie swaar nie)

lig (nie donker nie)

hard (nie sag nie)

hart (liggaamsdeel).

Soos uit hierdie voorbeelde blyk, kry ons homonieme wat in spelling sowel as uitspraak gelyk is (soos **lig** en **lig**), of wat net in uitspraak gelyk is (soos **hard** en **hart**).

In Hoofstuk 21, par. 1 word 'n lang lys homonieme gegee en verklaar.

Opmerking.—Ons moet homonieme goed onderskei van sinonieme, antonieme en paronieme.

Sinonieme is woorde wat meestal heeltemal verskillende vorme het maar min of meer **dieselfde betekenis**, soos **nuk, grill, luim, gier**. In Hoofstuk 23 word baie sinonieme gegee en die onderskeid verklaar.

Antonieme is woorde met **teenoorgestelde betekenis**, soos: beroemd, berug; mooi, lelik; ens. 'n Antoniem is dus die antoniem van sinoniem.

Paronieme is woorde wat van dieselfde wortel (grondwoord) afgelei is, maar wat verskil in betekenis, soos **koulik** en **kouerig, kunstig** en **kunsmatig**, ens.

In Hoofstukke 21-23 word baie paronieme gegee en verklaar.

(7) **Volksetimologie.**

Hieronder verstaan ons die drang by 'n volk om woorde wat hulle nie verstaan nie in verband te bring met bekende woorde. Dis dus 'n strewe om 'n vreemd-klinkende woord minder vreemd te laat voorkom. Veral vreemde woorde is dus onderhewig aan hierdie proses van verbastering, en soms kry ons baie eienaardige en humoristiese verdraaiings. So hoor ons vaak **baie sukkel** vir **bicycle, modderkar** (vir motor-kar), ens.

Gedurende die Engelse Oorlog van 1899-1902 het die Boere gepraat van **Martjie Louw** (vir Martial Law), **die ou duiwel se slypsteen** (Theophilus Shepstone), **rooiversbul** (Redvers Buller), ens. Vir die blom **encephalartus** hoor ons soms **engeltjie verlaat ons**.

Bogenoemde produkte van die volksvernuf is alleen interessante voorbeelde; hulle word egter nie as deel van die standaard-taal beskou nie. Hierteenoor kry ons tal van volksetimologiese woorde en uitdrukkinge wat later die vreemde of onbekende woord heeltemal uitgedruk het om 'n permanente deel te vorm van die spreek- en skryftaal. Ons noem 'n paar:—

blaasbalk (oorspronklik blaasbalg; balg = sak).

koperkapel (cobra di Capello).

balhorig (oorspr. baloorig).

vel(d)stoel (oorspr. valtstoel; valt = vou).

tweespalk (Ndl. tweespalt).

perlemoen (behoort te wees: perlemoer).

liddoring (oorspr. likdoorn; lik = lyf).

3. ANALOGIE.

Analogie beteken : **mag van die voorbeeld.** Ons kry analogievorme wanneer ons nuwe woorde en uitdrukkinge skep na die model van bestaande woorde en uitdrukkinge.

In die kindertaal hoor ons dikwels uitdrukkinge soos **ek se hoed**, wat die kind vorm op analogie van uitdrukkinge soos : pa se hoed, ma se hoed, ens. So hoor ons elke dag verkeerdelik : ek het **gebegin, gevertel**, ens., op analogie van honderde ww. wat wel **ge-** neem in die volt. deelw. (gepraat, geëet, gebring, ens.)

Baie mense sê : **boste, leste** op analogie van meervoude (op **-te**) soos **kiste, laste**, ens.

Analogievorme word dikwels in die taalskat opgeneem, b.v. **oggend** (Ndl. ochtend behoort te wees : ochte ; op analogie van **avond** is 'n **-nd** bygevoeg).

Partydig (moet wees : partyg ; analogiewerking van vorme soos : **ontydig, gelyktydig**).

Baie woorde op **-naar, -nier** en **-ling** is analogievorme : hulle behoort te wees **-aar, -ier** en **-ing**, maar die medeklinkers (n en l) is bygevoeg op analogie van ander woorde wat wel die **n** en **l** gehad het ; b.v.

-naar : klui|se|naar, kun|ste|naar, we|we|naar op analogie van reden|aar, eien|aar, ens.

-nier : kruide|nier op analogie van tuin|ier.

-ling : howe|ling, drenke|ling, banne|ling op analogie van hemel|ing, ens.

Ons taal sit vol analogie-skeppinge. Analogie word deur taalgeleerdes beskou as die sterkste krag om nuwe woorde te vorm.

4. KONTAMINASIE.

Dis die naam wat ons gee aan die taalverskynsel wat ons opmerk as twee woorde of uitdrukkinge, wat baie nou met mekaar verwant is, gelyktydig in die bewussyn opkom en met mekaar verwar word.

Ons hoor nogal vaak (veral as mense vinnig praat) die onerkende woord **onderskil** : die woorde **onderskeid** en **verskil** kom gelyktydig in die bewussyn op, en die gevolg is 'n kontaminasie-produk : **onderskil**. Verdere kontaminasie-vorme is :

Voor tien jaar gelede (kont. van : voor tien jaar, en : tien jaar gelede).

Ek onthou my (ek onthou, ek herinner my).

Veramuseer (vermaak, amuseer).

ondeugniet (ondeug, deugniet).

verassureer (verseker, assureer).

verekskuseer (verontskuldig, ekskuseer).

Kontaminasie-vorme word heel selde in die taal opgeneem ; gewoonlik is hulle, soos so baie analogie-vorme en volksetimologiese vorme, maar net breinkindertjies van seer korte lewensbestaan.

Dit is interessant om hier aan te stip dat ons dubbele ontkenning volgens prof. dr. D. B. Bosman 'n kontaminasie-produk is. Uit vorme soos : ek gaan **nie**, en : ek sal **nie** gaan, sou dan, as gevolg van kontaminasie, ontstaan het : ek sal **nie** gaan **nie**.

5. STAPELVORME en REDUPLIKASIE.

Stapelvorme of tautologieë is die oorsê van dieselfde begrip (idee) maar nie in dieselfde woord nie. So sê ons **meisietjie** : ons het hier eintlik twee verkleinings-uitgange : **-ie** en **-tjie**, maar omdat ons **meisie** nie meer as 'n verkleinwoord voel nie, voeg ons nog 'n **-tjie** by op analogie van woorde soos : laaitjie, ens. Hieruit blyk dat stapelvorme eintlik 'n onderafdeling is van analogie.

Verdere voorbeelde van stapelvorme :—

(a) **Dubbele meervoudsvorme** in :

lammers, kinders, skoene.

Die ou mv. was lammer, kinder, skoen, soos nog blyk uit die Duits Kind, mv. Kinder ; Lam, mv. Lämmer ; Eng. shoe, mv. shoes.

(b) **Dubbele uitgange** in :

maatskappy (maat + skap + y).

weddingskap (wed + ing + skap).

meisietjie (meis + ie + tjie).

mandjietjie (mand + jie + tjie).

(c) **Tautologiese samestellinge**, d.w.s. samestellinge waarin die twee dele dieselfde betekenis het :

brokstuk (brok = stuk) ; **lintwurm** (lint = wurm) ; Ndl.

heerleger (heer = leger).

Veral by vreemde woorde vind ons dikwels sulke samestellinge, b.v.

portfesiedeur (Frans port = deur).

windhond (wind ou woord vir hond).

Ook : bulldoghond, sailorsuitpakkie !

Reduplikasie of verdubbeling is die oorsê van dieselfde woord, soos brom-brom, gou-gou, sing-sing, nie . . . nie, **uit** die huis **uit**, ens.

Let op die verskil: by stapelvorme word dieselfde **idee** herhaal, by reduplikasie dieselfde **woord**, soos blyk uit die volgende:

Stapelvorme.

nooit . . . nie
saam met (my)
na (die huis) toe
bulldog hond

Reduplikasies.

nie . . . nie
uit (die huis) uit
in (die huis) in
al lankal

Vir verdubbeling sien ook Hoof. 9. par. 2, opm. 3.

6. WISSELVORME en DOEBLETTE.

Wisselvorme en doeblette (dubbelvorme, tweelingwoorde) is baie nou verwant aan mekaar.

By **wisselvorme** kom een en dieselfde woord voor **sonder verskil in betekenis**; die twee vorme wissel eenvoudig met mekaar af, soos **genoeg** en **genog**. Verder ook: more en môre, gaan en gaat, beloop en belowe, sorg en sorge en sôre, ens. Veral by ons ww. tref ons sulke wisselvorme aan (sien Hoofstuk 15, par. C, opm. ix).

By **dubbelvorme** of **doeblette** of **tweelingwoorde** het die woorde met verloop van tyd 'n klein onderskeid ook in betekenis gekry, soos by:

bundel (gedigte)	bondel (graan)
kwaad (tydelik)	kwaai (permanent)
daarom	darem

Tussen hierdie twee klasse in kry ons sogenoemde **styl-doeblette**: **vlees** en **vleis**.

Die betekenis is nog nie juis verskillend nie, maar ons voel darem hulle pas nie orals nie: dus eenvoudig 'n kwessie van hoër of laer styl. Verdere styl-doeblette is:

{ **tabak**: Ek rook tabak.
{ **twak**: Jou twak is nat.
{ **oes**: Die boer oes. Die oes is groot.
{ **oogs**: Ek oogs ondankbaarheid (figuurlik).
Die oogs is groot, die arbeiders min.

Om op te som: twee woorde kom oorspronklik uit dieselfde grondvorm en bestaan in die taal naas mekaar. As hulle net in **uiterlik** (klank) verskil, noem ons hulle **wisselvorme**; as hulle

in betekenis ook verskil: **doeblette** (dubbelvorme, tweelingwoorde); en tussen hierdie twee klasse in kry ons **styl**doeblette.

wisselvorme: genoeg, genoeg.

styldoeblette: oes, oogs.

{ doeblette
dubbelvorme } bundel, bondel.
{ tweelingwoorde }

7. ARCHAÏSMES, TAALFOSSIELE en NEOLOGISMES.

Archaïsmes is ou woorde uit 'n vorige geslag, wat al heeltemal uitgesterf het en wat gladnie meer gebruik word nie, behalwe miskien hier en daar deur 'n ou mens. Sulke woorde vorm in elk geval nie meer deel van die lewende taal nie, maar het heeltemal in onbruik geraak, soos **wy** (vir ons), **begos** (vir: het begin), **gekog**, **gebrog**, **georwe**, **sullie** (hulle), ens.

Taalfossiele is ook ou woorde of dele van woorde uit 'n vorige geslag, maar hulle leef nog voort in die taal van vandag as soveel versteende taaloudhede—vingerwysings na die verlede. Vergelyk by ons ou tweede en derde naamvalle soos: kind **des doods**, sweet **des aanskyns**, in **der** ewigheid, ens. Sien Hoofstuk 4, par. 3 vir ou 2e en 3e naamvalle.

Beide archaïsme en taalfossiel is dus taaldinge uit 'n vorige geslag, met dié onderskeid dat archaïsmes nie meer nie, taalfossiele wel, in die taal bestaan.

'n Paar taalfossiele in Afrikaans.

- (1) **Ou verboë ww.-vorme**:
begint, beginne (naas begin), reent (naas reën), staat (naas staan), doet (naas doen), ens.
- (2) **Ou tweede naamvalle**:
snags, soggends, desnoods, ens. (Sien Hoofstuk 4).
- (3) **Ou derde naamvalle**:
ten dele, destyds, brood der smarte, ens. (sien Hoofstuk 4).
- (4) **Ou lidw. DE en 'T**:
in geykte terme soos: wat **de** ongeluk, wat **de** drommel, om **'t** ewe, in **'t** kort, aan **'t** seek, ens.
- (5) **Ou verboë infinitiewe**:
te kenne, te wagte, ens. (sien Hoofstuk 15, bl. 143).
- (6) **Ou deelsgenitiewe** (verdelingstwedenaamvalle):
iets nuuts, iets moois, ens.
- (7) **Ou aanwysende vnw.**:
van dese jaar, vandeessjaar, ens. (sien Hoofstuk 5, par. (7)).

Neologismes is splinternuwe woorde wat deur taalkunstenaars geskep en in die algemene taal opgeneem is. Onder veranderde lewensomstandighede is dit dikwels nodig om nuwe woorde te skep om aan te pas by die nuwe omstandighede. 'n Paar Afrikaanse neologismes is:—

woorde-geping-pong, skugter-skamerig, sahara-dor, jingo, rooinek, ens.

8. 'n PAAR -ISMES (Anglisismes, ens.).

Elke taal het sy eie taalidoom, d.w.s. sinsbou of manier waarop woorde in 'n sin ingespan word.

Waar twee tale, soos Afrikaans en Engels in Suid-Afrika, naas mekaar voortbestaan, oefen die een noodwendig invloed uit op die ander. As dié invloed beperk is tot alleenstaande woorde, dan kry ons 'n geval van **leenwoorde**; as dié invloed egter so groot is dat dit ook die sintaksis of sinsbou van die ander taal raak, dan kry ons gevalle van **-ismes**. So is die woord **gentleman** 'n leenwoord uit Engels, maar **wat is die tyd** is 'n Engelse -isme of **Anglisisme**, want in die laaste geval het ons die Engelse idioom net letterlik vertaal: al vier woorde (wat, is, die, tyd) is eersteklas Afrikaanse woorde, maar volgens ons taalidoom word hulle nie op hierdie manier ingespan nie. Ons druk dieselfde idee in Afrikaans uit deur te sê: **Hoe laat is dit**.

Sintaktiese invloed van Engels noem ons **Anglisismes**; van Hollands (Nederlands), **Hollandismes** (Nederlandismes); van Duits, **Germanismes**; van Latyn, **Latinismes**; ens.

Veral teen Anglisismes moet ons op ons hoede wees. Ons taal sit vol Anglisismes, wat insluip „ongesien, ongehoord”, soos diewe in die nag. En ons moet ywerig die hand aan die ploeg slaan om ons taal sover moontlik te suiwer van hierdie vreemde indringers.

Om aan te toon hoe groot die gevaar is—en dus hoe dringend die noodsaaklikheid om op ons hoede te wees—gee ek hieronder 'n paar van die algemeenste Anglisismes, en daarnaas die korrekte Afrikaans.

Anglisisme.

1. Ek lyk dit nie.
2. Om 'n trein te vang.
3. Om koue te vang.
4. Stappe neem.
5. Die saal was goed opgelig.

Suiwer Afrikaans.

1. Ek hou nie daarvan nie.
2. Om 'n trein te haal.
3. Om koue te vat.
4. Stappe doen.
5. Die saal was goed verlig.

- | | |
|-------------------------------|------------------------------|
| 6. Eksamenpapiere. | 6. Eksamenvraestelle. |
| 7. Die papier was styf. | 7. Die vraestel was moeilik. |
| 8. Wolgroeiers. | 8. Wolkwekers. |
| 9. Jongens Hoër Skool. | 9. Hoër Jongetjieskool. |
| 10. Hy het nie opgedraai nie. | 10. Hy het nie opgedaag nie. |

Oefening 24a.

Gebruik o.s. woorde in sinne : (a) in hulle letterlike betekenis, (b) met figuurlike betekenis (b.v. Sy gesig is **skoon**. Hy is 'n seun met 'n **skone** toekoms) :—

suiwer	band	bloei	rooskleurig
skerp	flou	koel	donker
adder	goue	vloed	stempel
boek	dood	rein	skitterend
yster	hoog	hoof	lokaas

Oefening 24b.

Skryf verklarende aantekeninge by die vet-gedrukte woorde, d.w.s. sê met watter taalverskynsel (analogie, kontaminasie, taalfossiel, ens.) ons hier te doen het en waarom.

1. Dat jy in die **spens** altyd iets **nuuts** vind het jy aan moeder **te danke**.
2. „**Ek se** Pappie is weg”, het die **meisietjie** my **geverseker**.
3. **Iemand** het gesê daardie **apteker** maak enige mens wat **sleg** voel gesond.
4. Jy moenie sê **donner nie, dis** heeltemal verkeerd.
5. Die **leraar** het die arme **ou** seuntjie **annerkant** die **dam** gevind.
6. **Voor tien jaar gelede** kon niemand die **onderskil** tussen ons **skoene** en ingevoerde skoene sien nie.
7. Ek gaan **saam met** die **kinders na** die dorp **toe** ; ons gaan **tol-tol** speel.
8. Ek het **geen geleentheid** gehad om **oliekolonie** te koop **nie**.
9. Daardie **biblioteek** het al hulle ou boeke **geverkoop**.
10. **Toe** ek daar kom, was die **kinders reeds** weg.

Oefening 24c.

Gebruik in sinne :—

in (1) as byw., (2) as voors., (3) as ww.

as (1) as voegw., (2) as snw. in twee betekenisse.

weinig (1) as byw., (2) as bnw.

wat (1) as vragende vnw., (2) as onbepaalde vnw., (3) as voegw., (4) as snw.

lig (1) as ww., (2) as snw., (3) as bnw. in twee betekenisse.

al (1) as bnw., (2) as byw., (3) as voegw.

Oefening 24d.

Skryf neer :—

(1) Vyf idiome waarin jy die woord **pad** gebruik.

(2) Vyf idiome waarin jy die woord **hart** gebruik.

(3) Vyf idiome waarin jy die woord **lip** gebruik.

(4) Vyf idiome waarin jy die woord **tong** gebruik.

(5) Vyf idiome waarin jy die woord **tand** gebruik.

By voorbeeld :—

hand : Iets is op **hande**. Ek het dit van die **hand** gewys, ens., ens.

Oefening 24e.

'n Ander manier om te sê : Ek kry swaar, is : Ek trek noustrop.
Skryf nou net soveel idiome en uitdrukkinge neer as jy kan
waarin die inhoud van die volgende sinne weergegee word :—

(1) Jan is dronk. (Ten minste ses)

(2) Sannie is klaar 'n oujongnoot.

(3) Dit gaan met my swaar.

(4) Hy het nie gewen nie.

(5) Die dief is baie slim.

(6) Moenie moed verloor nie.

(7) Iemand kul.

(8) Hy kan vreeslik jok.

(9) Jan is baie dom.

(10) Deur ondervinding leer 'n mens baie.

(11) Hy het gesterf. (Ten minste vyf)

(12) Die man slaap.

Oefening 24f.

Toon die onderskeid aan deur in flink sinne te gebruik:—

begroting, vergroting; inhoud, onderhoud; ouderdom, oudheid; dienstig, diensbaar; onverdraagsaam, onverdraaglik; hopeloos, wanhopig; oneerlik, eerloos; aanvulling, vervulling; oortollig, oortallig, oordadig; woordvorm, vormwoord; beweegbaar, beweeglik; edel, adellik.

Oefening 24g.

Gee sinonieme vir (b.v. botanie—plantkunde):—

satisfaksie	sillabe	petiesie
distansie	presenteer	miserabel
impressie	resultaat	progressief
filosoof	konklusie	probleem
besware	swerwe	verbond
filologie	komedie	poëties
teologie	tragedie	area
resenseer	elegie	litteratuur
femies	satire	litterator
pos	beroemd	wispelturig

Oefening 24h.

Gee die antonieme van (b.v. mooi—lelik):

- | | |
|---------------------------------------|--------------------------------------|
| (1) 'n langdurende vrede | (16) doeltreffende maatreëls |
| (2) 'n lewendige man | (17) 'n vrypostige kind |
| (3) 'n lewendige herinnering | (18) 'n langdradige verhaal |
| (4) 'n grondige ondersoek | (19) 'n kragtige poging |
| (5) 'n uitgebreide kennis | (20) 'n helder verstand |
| (6) batige saldo | (21) 'n opkomende storm |
| (7) bruto wins | (22) 'n natuurlike dood |
| (8) 'n vaste betrekking | (23) 'n natuurlike styl |
| (9) 'n ontkennende antwoord | (24) 'n neerslagtige stemming |
| (10) nuwerwetse modes | (25) 'n roemryke oorwinning |
| (11) 'n gewigtige saak | (26) 'n toevallige ontmoeting |
| (12) 'n alledaagse gebeurtenis | (27) 'n afstotende voorkoms |
| (13) 'n misdadiger veroordeel | (28) ingekankerde haat |
| (14) die handel bevorder | (29) opbouwende kritiek |
| (15) 'n heilsame invloed | (30) konserwatiewe maatreëls |

Oefening 24i.

Vorm paronieme (b.v. kuns : kunstig, kunsmatig) van elkeen van die volgende woorde, en gebruik die woorde wat jy gevorm het in sinne om die onderskeid aan te toon :—

kind (4)	rus (4)	dood (2)	verstand (2)
deug (2)	stof (2)	bewus (2)	doel (2)

Oefening 24j.

Gee die volksetimologiese vervorminge van :—

Sadrach, Mesach en Abed-nego; vegetable marrow; Bill of Fare; encephalartus; couperose; bicycle; blaasbalg; amaca; tweespalt; iemand van aver tot aver kennen (Ndl.); abrikoos; voorhandse tietel; ginnegap; kamperfoelie; leo parvus; op die ou trant; rosmaryn; spinnerag; skuiergat; korte mette met iemand maak; sjokolade.

Oefening 24k.

(a) Gee wisselvorme van :—

genog	berg (ww.)	somar	laaf
reent	sorg (ww.)	skryf	more
beloof	duskant	negentien	bederf
graaf	geloof (ww.)	ag (telw.)	negentig

(b) Gebruik o.s. doeblette en styldoeblette in sinne sodat die onderskeid duidelik blyk :—

kwaad, kwade, kwaai (almal bnw.); oes, oogs; bundel, bondel; vlees, vleis; daarom, darem; kuns (genasaleerd) en kuns (ongenasaleerd); eindelijk, eintlik; resoen, rantsoen; Diets, Duits; dig, dikteer.

Oefening 24l.

Sê waarom die volgende woorde en uitdrukkinge tot die taalfossiele in Afrikaans gereken word, en gebruik elkeen dan in 'n flink sin :—

te wyte	brood der smarte	desnoods
te danke	sweet des aanskyns	destyds
te kenne	steen des aanstoots	deesdaags
te wagte	kwelling des geestes	cersdaags
te wete	engel des ligs	desgelyks

te wense	kind des doods	enigsins
te hope	teken des tyds	allesins
te verstande	in den brede	goedsmoeds
ten dele	in der minne	myns insiens
ten volle	ten dode gedoem	desondanks
ten seerste	ter aarde bestel	byderhand
ter insage	ten voordele van	ternouernood
ter sprake	met dien verstande	hedentendage
ten slotte	te dien effekte	
ter sake	te berde bring	
by magte	ter elfder ure	
ter ere van	ten opsigte van	

Oefening 24m.

Sê wat Anglisisties is in o.s. sinne en waarom, en skrywe die sinne dan oor in suiwer Afrikaans.

1. Die papier was darem veels te styf: ek het maar net 60 merke gekry.
2. Ek sal jou 'n koppie tee staan as jy saam met my vir 'n waak gaan.
3. Ek lyk nie om te veel vir sport in te gaan nie.
4. Die resultate sal nie voor die end van die maand uit wees nie.
5. Wat is vanaand aan in die bioskoop?
6. Dis meer of min seker dat hy nie meer sal opdraai nie.
7. Wat is op met jou oë dat jy nou ook al brille dra?
8. Harde lyne, ou maat.
9. Dis by ver die mooiste boek in ons letterkunde.
10. Ek kon die trein nie vang nie; ek het dit net verloor.

VYFTIEN VRAE (op Hoofstuk 24).

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik.)

1. Waarom verander tale?
2. Watter drie soorte klankveranderinge (met hulle onderafdelings) word dikwels by tale aangetref?
3. Wat is betekenisverandering en watter omstandighede is volgens jou mening die gunstigste vir hierdie verandering om plaas te vind?
4. Wat is die onderskeid tussen letterlike en figuurlike betekenis?

5. Wat verstaan ons onder :—
(a) beperking, (b) verruiming, en (c) oordrag van betekenis ?
 6. Wat verstaan ons onder betekenis-differensiasie ?
 7. Wat is die onderskeid tussen homonieme, sinonieme, antonieme en paronieme ?
 8. Wat is volksetimologie ?
 9. Wat is analogie en watter rol speel dit in taal ?
 10. Wat verstaan jy onder kontaminasie ?
 11. Wat is die onderskeid tussen stapelvorme en reduplikasies ?
 12. Wat is die onderskeid tussen wisselvorme, doeblette en styldoeblette ? By watter ander name word doeblette genoem ?
 13. Wat is die onderskeid tussen archaïsmes, taalfossiele en neologismes ?
 14. Watter taalfossiele is daar in Afrikaans ?
 15. Wat is die onderskeid tussen vreemde woorde (leenwoorde) en vreemde -ismes ? Teen watter -isme moet ons in Suid-Afrika veral waak en waarom ?
-

TOETS VYF.

(Hoofstukke 1-24).

A. OEFENINGE.

1. Gebruik in flink sinne sodat die betekenis duidelik blyk :—
uitbundig, puntenerig, byderhand, ewewig, kluisenaar,
wispelturig, kompromis, onthuts, paniekerig, sinnebeel-
dig.
2. (a) Vul in ww. wat pas (b.v. 'n plan **beraam**) :—

iemand haat —	iemand met liefde —
iemand die reg —	iemand aan sy lot —
iemand se agting —	iemand se goeie raad —
iemand hulp —	iemand se moed —
'n geleentheid —	belangrike dienste —
iemand hulp —	'n gedugte nederlaag —
jou gesondheid —	goeie geselskap —
iemand se belange —	slegte geselskap —
hom vrees —	sy luste —
vertroue —	inligting —
- (b) Vul in 'n snw. wat pas (b.v. 'n heldhaftige **poging**) :—

'n verrassende —	jou onverdeelde —
'n slaafse —	'n oordeelkundige —
'n smaakvolle —	'n onmiskienbare —
'n onbeduidende —	'n onverantwoordelike —
verregaande —	— aanknoop
'n noukeurige —	— aanrig
'n uitheemse —	— aanteken
'n deurtastende —	'n — inwillig
'n sielkundige —	'n — ontduik
'n sonderlinge —	'n — inneem

3. (a) Gee sinonieme vir (b.v. konklusie—gevolgtrekking) :—
- | | | |
|-------------|------------|------------|
| histories | filosoof | monopolie |
| krediteur | rewolusie | biblioteek |
| debiteur | deputasie | sisteem |
| geografie | aksent | repareer |
| geologie | ontslaap | inspirasie |
| geometrie | imiteer | ekonomie |
| psichologie | hoogmoedig | |
- (b) Gee die krag en, waar moontlik, die betekenis van die voor- en agtervoegsels in (b.v. onwaar : on-, vorm bnw., beteken **nie**) :—
afgod, krummel, onmens, tekening, bejaard, oertaal, direktriëse, boekery, kolossaal, draagbaar.
4. (a) Gee die **meervoud** van :—
doel, gebrek, pad, tree, oordeel, genot, gemoed, skof, bog, werksman.
- (b) Gee die **teenoorgestelde geslag** van :—
swaer, lektor, voog, tesaurier, speler, non, teef, burge-meester, dief, skrywer.
- (c) Gee die **trappe van vergelyking** van :—
doods, gepas, graag, spits, teenwoordig, woës, onreël-matig, boos, bekwaam, dof.
5. (a) Vorm afgeleide **ww.** van (b.v. wonder—bewonder) :—
huis, wapen, droog, vlam, voordeel, haar, liggaam, hoof, man, kiem.
- (b) Vorm afgeleide **bnw.** van (b.v. haat—haatlik) :—
moeras, sand, dief, majesteit, monster, liefde, apostel, broer, awontuur, diplomaat.
- (c) Vorm afgeleide **byw.** van (b.v. reus—reusagtig; sag—saggies) :—
blind, groot, stil, waar, kalm, huis, noord, dag, trap, arbeid.
6. Ontleed in sinne en toon die verband aan :—
Dat 'n mens in luilekkerland, waar melk en heuning vloei, stadigaan sal degenerer en eventueel heeltemal ten gronde sal gaan, is seker, want dit is 'n algemeen erkende feit dat iemand, wat nie in die sweet des aanskyns sy daaglikse brood verdien nie, geleidelik versleg, al is daar mense wat wil beweer dat dit nie die geval is nie.

7. (a) Gee die **frekwentatiewe** van : klap, skuif, trap, hak, streef, beef, snuif, tok, kyf, stoot.
 (b) Gee die **intensiewe** van : knyp, hyg, druij, buig, weeg.
 (c) Gee die **kausatiewe** van : klief, drink, suig, sit, nyg.
8. Gebruik in sinne sodat die onderskeid in betekenis duidelik uitkom :—
 tragies, treurig ; klassiek (bnw.), klassikaal ; verag, minag ; langdurig, duursaam ; onrustig, ongerus.
9. (a) Vul in die ontbrekende voors. :—
 Hy het — gebreke gebly om sy skuld — volle te betaal.
 — vyf — was almal bestand — die koue.
 Ek verkies 'n reis — motor — 'n toertjie — voet.
 — aanleiding — — antwoord —
 — referte — — betrekking —
 — gevolge — — nadele —
 — my ontwil — — verband —
 — sy mening — — stand hou
 soos — vragbrief — — stand bring
 — dien effekte — — slot — rekening
- (b) Gee één woord vir die woorde tussen hakies :—
 (i) 'n (wat die dood as gevolg het) ongeluk
 (ii) 'n (wat in misterie gehul is) voorval
 (iii) (waarvan daar te veel is) energie
 (iv) 'n (wat ek nie kan verstaan nie) handelwyse
 (v) 'n (wat nie sy verstand gebruik nie) man
 (vi) 'n (met baie lommer) laan
 (vii) 'n (volgens konvensie) optrede
 (viii) 'n (met baie sentiment) toneel
 (ix) 'n (met sarkasme) opmerking
 (x) 'n (van 'n nasie) ramp
10. Gebruik o.s. ww. (i) in skeidbare en (ii) in onskaidbare samestelling :—
 onderhou, deurtrek, voorkom, deurloop, voorspel, oordryf, ondergaan, onderwerp, deursny, oorweeg.

B. GRAMMATIKA.

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik.)

1. Wat verstaan jy onder : (a) samestelling, (b) afleiding, (c) samestellende afleiding ?

2. Verdeel die volgende rededele in klasse (gee twee voorbeelde van elke klas) :—
- (a) Voornaamwoorde.
 - (b) Bywoorde.
3. Verklaar :—
- (a) 'n Toevallig-wederkerende ww.
 - (b) 'n Noodsaaklik-wederkerende ww.
 - (c) 'n Onpersoonlike ww.
 - (d) 'n Koppelwerkwoord.
 - (e) 'n Hulpwerkwoord.
 - (f) 'n Hulpbehoewende ww.
 - (g) 'n Selfstandige ww.
4. Watter verskillende wyse het die Afrikaanse ww. en hoe word hulle uitgedruk ?
5. Skryf verklarende aantekeninge oor homonieme, sinonieme, antonieme, en paronieme.
6. Wat is : (i) Denominatiewe, (ii) Frekwentatiewe, (iii) Kausatiewe, (iv) Intensiewe, (v) Privatiewe, (vi) Ornatiewe ?
7. Toon duidelik aan wat ons verstaan onder :—
- (a) Vormwoorde
 - (b) Stapelvorme
 - (c) Analogie
 - (d) Verdubbelinge
 - (e) Doeblette
 - (f) Wisselvorme.
8. Watter algemene reëls kan ons neerlê vir :—
- (a) die verbuiging (met -e) van bnw. ;
 - (b) meervoudsvorming in Afrikaans ;
 - (c) die ontkenning in Afrikaans ;
 - (d) woordskikking in samegestelde sinne ?
9. Toon aan wat die onderskeid is tussen :—
- (i) skeidbare en onskaidbare ww.
 - (ii) voorlopige onderwerp en leë onderwerp.
 - (iii) aaneenskakelende en teenstellende sinsverband.
 - (iv) voltooide en onvoltooide deelwoorde.
 - (v) oorganklike en onoorganklike ww.
 - (vi) archaïsmes en taalfossiele.
 - (vii) Anglisismes en Hollandismes.
10. Kritiseer die volgende bewerings :—
- (a) Rededele kan in tien afsonderlike hokkies verdeel word.
 - (b) Taalreëls is onveranderlik ; die publiek moet praat soos die grammatici gebied.
 - (c) Afrikaans is 'n baie arm taal : kyk maar net hoe min verbuigingsvorme het dit.

